Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

10 Februarie 2025
Kw. 1 NUUSBRIEF 3

## Ken-mekaar-Piekniek

Dit was heerlik om al die kleurvolle Tjokkie-gesinne te sien saam kuier terwyl die kindertjies oral rond baljaar het. Baie dankie vir u teenwoordigheid. 'n Groot dank ook aan juffrou Blanche en die Sosiale Komitee vir al die reëlings.

Die volgende gesinne het die tema-pryse gewen met kleurvolle drag en vrolike "kykers":



Geelklas: Jacobs gesin



Blouklas: Maritz familie



Groenklas: Schuin gesin



Rooiklas: Van Wyk gesin




Oranje klas: van der Walt gesin

## Kaalvoetkleuter T-hempies

Ons is dankbaar om danksy die volgende borge, die hempies vir ons kleuters te kan aanskaf. Ondersteun hul gerus.




## Departementele Werkboekies



Gr R het Vrydag die Departementele Werkboekie vir Kwartaal 1 ontvang, soos op die ouervergadering bespreek. Die boekie bly by die huis om op eie tempo as "huiswerk" boekie, te bruik.
Dit kweek 'n mooi leeringesteldheid by u kleuter.

Kleuters het ouerleiding nodig wanneer hulle in die boekie werk.
Die voorlaaste week van die kwartaal moet alle boekies asseblief terug wees by die skool vir kontrole. Baie dankie vir u hulp by die huis en wees verseker die werk wat ons by die skool doen is essensieël vir elke kleuter se ontwikkeling.

## Belangrike reëling

Oggendsorg kleuters wat vir Buitemuurs teruggebring word mag eers **15:10** inkom en moet asseblief weer **direk ná die buitemuurs** gehaal word, aangesien hierdie kleuters nie op die middagsorglys is nie.

Dankie vir u begrip.

## Speelgoed

Reël: Huis speelgoed bly by die huis en skool speelgoed bly by die skool.

Help ons asseblief met hierdie opvoedingstaak.





## Tandjies borsel

Kweek die goeie gewoonte aan om soggens voor skool u kleuter se tande te borsel of  toe te sien dat hul dit aanleer en doen.

Slaap-asempies kry soms negatiewe opmerkings van maatjies.

# Hartjiedag

Vrydag, 14 Februarie
is Hartjiedag!

Trek Vrydag ROOI aan skool toe,
want ...

"Hoe rooier, hoe mooier"!!



Op Valentynsdag wys ons omgee-liefde vir mekaar, ons is nog te klein vir romantiese liefde.